View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Academy of Science of South Africa (ASSAf): Open Journal...

**Asof geen berge ooit hier gewoon het nie.**
Pieter Odendaal.
Kaapstad: Tafelberg, 2018. 112 pp.
ISBN 9780624085614.
DOI 10.17159/2309-9070/tvl.v.56i1.6306

Pieter Odendaal is reeds geruime tyd betrokke by verskillende poësieprojekte waaronder die InZync Sessions in Kayamandi, Stellenbosch. Laasgenoemde is 'n ruimte waar digters die geleentheid kry om tussen ander op te tree voor 'n gehoor en die krag van hulle poëtiese oortuiging te toets aan die reaksie wat hulle ontlok. Dit is dus 'n plek waar 'n digter onmiddellike terugvoer kry en ook belangrike lesse kan leer oor die praktiese waarde van poësie.

Iets van hierdie aanvoeling vir poësie wat 'opgevoer' word voor 'n gehoor en die konneksie met 'n groter gemeenskap van digters voel 'n mens aan by die lees van die gedigte in sy debuutbundel *Asof geen berge ooit hier gewoon het nie* wat in 2018 verskyn het. Die digter betuig by

wyse van direkte en indirekte verwysing sy skatpligtigheid teenoor digters soos Keorapetse Kgositsile, Antjie Krog, Wopko Jensma, Koleka Putuma en ander. In die gedig "Bra Willie", geskryf by die dood van Kgositsile, huldig hy hom as digter wat met "die grasieuse middelvinger van [sy] mond" en "die vuiste van [sy] werkwoorde" geprotesteer het teen onreg. As teenprestasie bied hy dan sy eie "inverted-coconut-gedig" as 'n" vlammende offer" vir sy gestorwe voorganger.

Die vlam van protes flikker dan ook op verskillende plekke in die bundel. In die gedig "gebed" (wat aangebied word as "performance vir mond en mic") word daar met striemende sarkasme gepraat word van die "vetgatkonings / wat dans op die mure van uitsluiting" (iets wat herinner aan die vroeë Breytenbach wat in die bundel *Kouevuur* sy misnoeë met die "Rykman Besitter Belêer Fascis" en "vetvrot Politikus" te kenne gegee het). Die tema word voortgesit in die verwysing na protesbewegings soos #feesmustfall en gekonsolideer in die gedig "In praise of protest" in die bundel se laaste afdeling. Hier word geskryf oor die belangrikheid van protes; die spreker sê dat daar 'n "afgrond moontlikhede" voor sy geslag lê en dat hulle die ploegvore is van die nuwe grond wat "aan die gebore" is. Vir hom is protes noodsaaklik in die verkenning van nuwe moontlikhede vir die toekoms en is poësie een van die werktuie waardeur dit gedoen kan word: "ons betoog vorentoe / beoog 'n nuwe wêreld / wat nog in taal moet ontvlam".

Bogenoemde gedigte kom uit die bundel se eerste en laaste afdelings, beide met dieselfde smagtende vraag as titel: "re mang?" (wie is ons?). Die eerste afdeling begin met twee gedigte, die eerste in Afrikaans en die tweede in Engels, wat duidelik op mekaar gerig is. In "die aand toe die see gesing het" verrys daar 'n visioen van 'n "generasie stilgemaaktes al die pad / terug tot by autshumao" wat uit die see uit opstaan. In die daaropvolgende gedig "reaching shore" word die beeld gebruik van mense wat deur verskillende seestrome na dieselfde strand gebring is waar hulle hulle velle en velkleure afskud: "let's kick off our fins / zip open our skins like wetsuits", lui die eerste reëls van die gedig waarin daar verder verwys word na die luister na mekaar se verhale rondom 'n vuur op die strand. Ook die ander gedigte in die eerste afdeling spreek van 'n soeke na 'n identiteit wat die saamwees met ander sal akkommodeer (byvoorbeeld "as die wêreld einde se kant toe staan").

Die twee afdeling rig die fokus op die mens se verhouding met die aarde. Dit is duidelik dat die prioriteite van hierdie digter anders lê as vir voorgangers soos Van Wyk Louw en Opperman wanneer hy begin met 'n aanhaling deur Toast Coetzer: "destyds het ouens soos van wyk louw en opperman nice gedigte oor die natuur geskryf ons het nie tyd vir sulke kak nie". Die toon van die gedigte in hierdie afdeling het inderdaad 'n dringendheid genoodsaak deur die mens se disrespek vir en verrinnewering van die planeet en sy nie-menslike bewoners. In die eerste gedig "heil die planetêre skeppers" word daar byvoorbeeld hulde

betoon aan die plante wat "die lug / vir ons longe voorberei het" en wie se "uitasem ons in" is.

Dit is opvallend dat die mens enersyds in hierdie afdeling geplaas word teen die agtergrond van 'n geskiedenis van miljoene jare en andersyds waargeneem word met 'n byna miskroskopiese blik. In die gedig "eersteriver" word die rivier se geskiedenis vanaf die paleolitiese tyd via die koloniale tydperk tot by die hede gevolg en in "as jy agteruit swem" word daar gedink oor wat die mens kan leer van die selakant wat in die dieptes gebly het toe ander lewensvorme geëvolueer het. Hierteenoor verwys die gedig "aan 'n bewoner van 2050" na elemente soos die son wat die mens se lewe beïnvloed, maar zoem dit ook in op dit wat op sellulêre vlak in die mens se liggaam gebeur ("elke sel is 'n jaartparty / waarheen die hele buurt genooi is"). Die gedig se konklusie is dat die mens homself ontkoppel het ("ons is uitgeplug uit die lewe") van die groot interaktiewe en intergekonnekteerde musiek van mikrobes, plante, diere en natuurelemente wat hom aan die lewe hou.

Dié afdeling bevat ook interessante vorm-eksperimente soos in "die aarde is 'n klein ritseling vlerke (cutting up Rimbaud during COP23)" wat gebruik maak van die "gedigmaak-masjiene" wat op *languageisavirus.com* te vind is. Hier kan jy 'n stuk teks invoer en spesifiseer watter tegnieke die 'masjien' van die tegnologie daarop moet uitvoer om 'n nuwe teks te genereer. In hierdie geval word 'n liriese gedig oor die aarde onderbreek deur die soort frases wat by COP23 (die VN se beraad oor klimaatsverandering in 2017) opgeklink het, soos byvoorbeeld *"stop Adani stop fracking", "there is no planet B"* en *"silence is consent"*.

Waar die eerste twee afdelings van die bundel en ook die vyfde een die fokus plaas op die openbare domein is die blik in afdelings drie en vier gerig op die privaat lewe. Die derde afdeling, "voor ons deurskynend word", bevat gedigte wat handel oor die spreker se familie en sy grootwordjare binne 'n bepaalde familie. Hier vind 'n mens deernisvolle gedigte oor die spreker in die gedigte se oupa, ma, pa en sussie. Die afdeling begin met 'n gedig "vir Oupa Piet, dood voor ek gebore is" waarin die spreker die verbintenis met sy voorouers ("ek dra my voorouers op my gesig") en hulle s'n met hom ("sodat hulle wat nie meer hulle is nie / hulself deur my oë / in die wind kan ken") verklaar. Die gedigte teken verder in enkele trekke die geskiedenis van die gesin se saamwees soos bepaal deur die land se geskiedenis ("16 desember 2009", "noord-namibië"), die lesse in intimiteit wat die spreker van sy ma geleer het ("skielik spring ek 20 jaar terug"), die manlike rites van grootword ("inisiasie"), ensomeer. Die slotgedigte in hierdie afdeling is na binne gekeer in dié sin dat dit handel oor 'n uitmergelende depressie, met as hoogtepunt van die groep "sy oë rus sonder" met die mooi motto uit Gil Scott-Heron wat lui *"don't give up it's time to stop your falling"*.

Die titel van die vierde afdeling is "as al my lovers" wat 'n duidelike sein gee dat dit in hierdie afdeling sal gaan oor liefde en seksuele identiteit. Die huiwerende manier waarop hierdie

identiteit opgevoer en ontwikkel word, kom mooi na vore in "some jocks have tutus" waarin die spreker van sy skooljare sê: "ek het my fynbesnaardheid defiantly perform" en "ek het my met dieselfde asem / geteken en uitgevee". Eweneens boeiend is "ek skryf hierdie gedig" wat in Afrikaans geskryf word vir ′n geliefde wat nie die taal verstaan nie, ′n mooi metafoor vir die wyse waarop ′n gedig tegelykertyd kan kommunikeer en ontwyk. Ook in hierdie afdeling blyk dit hoeseer die private en intieme vermeng is met die publieke en politieke. Die gedig "ons wou net peoples wees" bestaan byvoorbeeld uit ′n *remix* van whatsapp chat-fragmente wat twee geliefdes tydens die "#feesmustfall"-beweging in 2015 aan mekaar gestuur het.

Soos reeds genoem, hervat die laaste afdeling deur die herhaling van die titel "re mang?" die temas van die eerste afdeling. Hiermee suggereer die spreker in die bundel dat die soeke na ′n antwoord op die vraag "wie is ons?" nie maklik af te handel is nie. Dié afdeling hervat ook die patroon van protes en verset. Die gedig "for mzanzi" is ′n voorbeeld van "found poetry", saamgestel uit kommentare op ′n news24-artikel. Dit is ′n skokkende bevestiging van die onbegrip tussen mense van verskillende oortuigings en neem uiteindelik die toon van ′n klaaglied daaroor aan. Hierteenoor is die gedig "Hulle—′n duet" ′n uitgesproke poging om die stemme van die land en die wêreld te laat saamsing in die duet wat begin as ′n vorm van onbegrip en uitsluiting (omskrywings van "hulle"), maar dan uitloop in ′n poging om die boodskap in verskillende tale te vertaal.

Die bundel eindig met ′n kort liriese gedig oor ′n wandeltog in die berge buitekant McGregor waartydens die stappers "uitgevee" word wanneer hulle in ′n "wasemsee" van wolke instap. Dieselfde gebeur met die landskap rondom hulle waarin die bergpieke beurtelings uitstaan teen die blou lug en dan weer verdwyn onder die wolke "asof geen berge ooit hier gewoon het nie". Die epifaniese moment waarop die bundel eindig, sê iets van die voortdurende transformasies van alle aardse verskynsels.

Odendaal se debuut vertel dus van ′n spesifieke persoon se ervarings in ′n bepaalde sosiopolitieke konteks en tydsgewrig, maar plaas dit teen die groter agtergrond van die planeet en die geskiedenis van die kosmos. Die bundel is nie net bewus van die sosiale, politieke en omgewingsvraagstukke waarmee Suid-Afrika en die groter wêreld te kampe het nie, maar is ook ingestel op die moontlikhede wat juis die poësie bied om dit op kreatiewe wyse te ondervra. Sy bewustheid van die poësie as medium wat beide geskryf en opgevoer kan word, is duidelik in die verse se gevoeligheid vir klank, ritme en metrum. Dit is ′n poësie wat beide naby en ver kyk, wat beide dawer en fluister.

As sodanig verteenwoordig Odendaal se afgeronde debuut een van die belangrikste toetredes tot die Suid-Afrikaanse letterkunde in 2018.

**Louise Viljoen**
lv@sun.ac.za
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch